

Skriflesing: Rom 8:17-30

Tema: Ons erf saam met Christus alles wat God belooft het.

Die meeste van ons kry baie vals boodskappe van alles wat ons geërf het. Gewoonlik is daar iewers 'n familielid van jou dood en jy moet net jou persoonlike besonderhede stuur om baie geld te erf. Almal van ons weet hierdie is 'n bedrogspul om jou geld te steel.

Maar ons is tog elkeen 'n erfgenaam. Baie geluk! Jy is 'n erfgenaam van God. Jy erf saam met Christus alles wat God belooft het. In Rom 8:17 staan daar: "En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan Sy lyding, sal ons ook deel hê aan Sy heerlikheid."

Terwyl ons op ons volmaakte erfporse wag, gaan ons swaarkry op aarde. Ons sal deel in die lyding wat Christus ervaar het. Die gevolge van sonde is dat die skepping swaarkry en besig is om te vergaan. Saam met die skepping kry ons ook swaar. Ons ervaar ons eie verganklikheid, ons siekte, oudword en dood. Die afgelope paar maande ly ons land en baie ander dele van die wêreld in die greep van 'n ernstige droogte. Ons leef in 'n wêreld vol geweld, bedrog en seer, 'n sinlose wêreld met meer vrae as antwoorde. As Christene word ons uitgestoot en gespot. In dele van die wêreld sterf Christene vir hulle geloof.

Ons weet ons is God se kinders. Maar ons sug. Ons sien met 'n gespanne verwagting uit, letterlik staan hier ons sien met 'n uitgerekte nek uit, na die dag dat God voor almal sal sê dat ons sy kinders is. Nou kry ons, net soos mense wat nie kinders van God is nie en soos die skepping, swaar. Maar dit gaan nie vir altyd so wees nie.

Ons sug in pyne van verwagting. Hierdie pyne is soos geboortepyne wat die koms van 'n baba voorafgaan. Ons weet iewers gaan 'n wonderlike nuwe Goddelike geboorte gebeur. Ons weet dat ons eendag sal bevry word van hierdie lyding. Ons deel nie net in die lyding van Christus nie. Daar sal 'n dag kom wanneer God ons eens en vir altyd van hierdie sterflike bestaan sal kom bevry. Dan sal ons saam met Jesus in die heerlikheid van God se nuwe wêreld bly.

Die lyding wat ons nou verduur, weeg nie op teen hierdie heerlikheid nie. Dit kan hoegenaamd nie vergelyk met God se volmaakte toekomst wat vir ons wag nie.

In 2 Kor 4:16-18 weeg Paulus hierdie lyding op teen die heerlikheid wat daar vir ons wag en dan kom hy tot die gevolgtrekking: "Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles oortref en wat ewig bly."

Ons lees in ons Skrifgedeelte vyf maal dat ons met afwagting hoop op die heerlikheid wat ons nog nie sien nie. Dit is soos om te hoop op 'n vakansie wat op pad is. Ons weet die vakansie is op pad. En is vol afwagting dat die seker ruskans sal aanbreek.

As kinders van God weet ons verseker dat die nuwe lewe by God op ons wag. Te midde van ons swaarkry sien ons uit na die heerlike ewige lewe wat vir ons sal aanbreek. Ons weet die beste altyd nog voorlê. Ons is elke dag nader aan hemelse heerlikheid wat op ons wag. Dan sal ons finaal bevry wees van lyding en verganklikheid. Vry om te lewe.

Maar wat gebeur tussen ons lyding van nou en die heerlikheid in die toekoms? Is die heerlikheid wat kom net 'n: "Pie in the sky when you die?" Nou moet ons maar alleen sien en kom klaar. Eendag gaan ons God se heerlikheid erf. Nee, verseker nie.

God is nou met my besig. In die voorafgaande verse het ons gesien dat die Heilige Gees by en in ons is. Die Gees maak 'n einde aan ons sondige praktyke. Die Gees werk in ons geloofsekerheid, lewe en vrede en laat ons tot God roep: "Abba" wat Vader beteken. Ons lees in Rom 8:23 dat ons nou die Heilige Gees as eerste gawe van God ontvang. In die Bybel se tyd is die eerste deel van die oes tempel toe gebring as bevestiging dat die hele oes aan God behoort. So ontvang ons die Heilige Gees as God se bevestiging dat al Sy toekomstige beloftes aan ons, sal waar word.

En terwyl ons in hierdie wêreld vol lyding nie weet wat om te bid nie, dinge nie verstaan nie en soms sommer net nie lus is om te bid nie, bid die Heilige Gees vir ons.

In Rom 8:26-27 staan in die Boodskap: "Intussen het God sy Gees aan ons gegee om ons in ons swakhede te help. Ons grootste swakheid is dat ons nie aldag weet wat ons moet bid nie. Maar in sulke tye bid die Gees self vir ons." Waar menslike vermoëns tekort skiet, neem die Gees oor. Hy vertaal ons swaarkry in hemelse taal. Hy gaan sug en kla namens ons by God. En omdat God die Heilige Gees deur en deur ken, weet Hy presies hoekom Sy Gees so ernstig vir ons bid. En God weet ook dat die Gees altyd volgens sy wil vir al die gelowiges bid."

In 'n wêreld vol lyding, is ons nie swerwers sonder rigting, soekers wat nooit vind nie. God is met ons besig. Ons lees in Rom 8:28: "Ons kan van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur om Sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit." (Die Boodskap)

In 'n moeilike, hartseer en deurmekaar wêreld is hierdie vir my 'n moeilike vers om te verstaan. Ons kan dit alleen aanvaar in geloof.

En ek dink Rom 8:29-30 wil ook vir ons iets laat sien van God se liefde vir ons te midde van ons lyding. In hierdie 2 verse is 5 werkwoorde waaruit ons God leer ken as ons God in aksie. Voor enige-een van ons iets kon doen, het Hy ons gekies. Hy het ons bestem om soos Sy Seun te wees. Ons is broers van Christus. Hy het ons op die naam geroep. Hy het ons vrygespreek van sonde. Hy oorlaai ons met sy heerlikheid en goedheid. En as ons net 'n bietjie verder lees, dan sien ons dat niks ons kan skei van die liefde van God nie. God is vir ons, niemand kan teen ons wees nie. Hierdie beloftes is vandag al waar vir elkeen van ons as Sy kinders.

Afsluiting

As kinders van die Here mors ons nie tyd met met vals boodskappe nie. Ons deel God se goeie nuus met mekaar. Sê nou vir mekaar of stuur vir mekaar hierdie boodskap: "Baie geluk. Jy erf saam met Christus alles wat God beloop het! (Rom 8:17)